**Berg-en-Dal vat hande met Philippolis NG gemeente vir hul basaar op 8-10 Mei 2026**

As deel van ons 70-jarige vieringe wil ons graag uitreik en 'n plattelandse gemeente met ons teenwoordigheid en deelname ondersteun. Philippolis is die oudste dorpie in die Vrystaat en was ook die tuiste van die eerste moderator van die Vrystaatse Sinode. Die gemeente, wat hierdie jaar 164 jaar oud is, beplan 'n basaar wat oor 'n hele naweek strek met aktiwiteite vir oud en jonk en staan gereed om besoekers van ons gemeente te ontvang.



Die program is as volg:

**<u>Vrydag 8 Mei</u>**

**17:00 – 18:00 Die Philippolis Myl**

- "Halfmyl" Karnaval – kom met gees en 'n uitspattige uitrusting
    - Pryse vir oa die oudste deelnemer, jongste deelnemer en beste uitrusting
    - Inskrywings R10/persoon of koop vier kaartjies teen R30
- Aflos Myl
    - Skryf 'n span van 4 in (wyke/besighede/plase/families/skole)
    - Inskrywings R100/span
    - Goeie pryse te wen
- Philippolis Myl vir die ernstige atlete
    - Inskrywings R50/persoon by kerkkantoor
    - Groot pryse te wen

**18:00-20:00 Steakbraai** teen R150/persoon en worsbroodjies vir R25, bring jou eie drinkgoed en kom kuier saam onder die Karoo sterrenag

**<u>Saterdag 9 Mei</u>**

- **7:00-9:00 Prettrap in die stofpad -** R30/persoon – bring jou eie fiets
- Fietsroetes van tot 25km word spesiaal in ons mooi omgewing uitgelê en besoekers gaan dit saam met ons plaaslike fietsry entoesiaste geniet.

**8:00-9:00 "Skattejag" staproete deur ons historiese dorpie**

- Stap saam in spanne vanaf gemeentesentrum om interessante ontdekkings te maak
- Koste R10/persoon – geen vooraf inskrywing of betaling nodig nie.

**10:00 Basaar by die Gemeentesentrum**

Vleisverkope – Gebak – Pannekoek – Poedings - Kafee met ligte etes – Teetuin – Minimark – Stoepstories - Plaaslike orkes en musikante - Aktiwiteite vir die kinders

**18:00 "Platteland is Groot"- verskeidenheidskonsert in die Gemeentesentrum**

- Toegang gratis
- Om deel te neem kontak
    - Anita 082 410 2860
    - Jesse 084 293 0741
    - Gerda 084 036 0458
- Heerlike kerrie en rys en ander snoepgoed tydens pouse te koop

**<u>Sondag 10 Mei</u>**

**10:00 Dankdiens in die historiese NG Kerk gebou** en kuier vir oulaas na die tyd in die gemeentesentrum oor 'n koppie tee en 'n eetdingetjie.

**Inskrywings vir myl en prettrap**
Whatsapp ds Louwrens by 072 115 0057 of Ellen Anne Swart by 083 672 8445 vir die google vorm se skakel.
Nadat jy jou inskrywing voltooi het, sal alle verdere inligting per whatsapp kommunikeer word.

**Kaartjies vir die steakbraai**
Bel Philippolis kerkkantoor - 051-773 0014

**Inskrywings vir "Platteland is Groot" verskeidenheidskonsert**
Kontak Gerda by 084 036 0458 – ons verwelkom gaskunstenaars uit die groot stad!

Vir alle navrae: whatsapp 072 115 0057

Philippolis se gastehuise is gereed om Basaargangers te ontvang met 'n spesiale Basaar aanbieding wat heerlike afslag kan beteken OF dat 'n persentasie van die naweek inkomste na die gemeente gaan. So kan jy deur oor te bly alreeds jou eerste bydrae tot hierdie grootse poging maak.  Bel en doen jou bespreking so gou moontlik om teleurstelling te voorkom.

| | |
|---|---|
| Philippolis Groenhuise 084 581 0149 | Kanon Akkommodasie 051 773 0088 |
| Die Anker 082 507 4155 | VdPost@Accommodation 081 838 1186 |
| The Dusty Vine; Op die Stoep 083 474 7124 | Bird's Haven 082 566 7119 |
| Cilliers Tuishuis 079 160 1200 | Die Tronk 082 550 4421 |

**Meer inligting oor die dorp Philippolis**
Philippolis, die oudste nedersetting noord van die Oranjerivier in Suid-Afrika, dateer terug na 1822 en is dus meer as 200 jaar oud. Daar is op dié plek besluit omdat daar twéé fonteine by Philippolis is wat lewegewende water kon verskaf in die dorre Karoo. Aanvanklik was hier 'n sendingstasie vir Boesmans en daarna vir Griekwas. Die dorp heet na dr. John Philip van die Londense Sendinggenootskap. Die NG gemeente Philippolis is in 1862 gestig. Danksy sy prominente ligging by 'n S-draai in die hoofstraat is die imposante kerkgebou sigbaar van ver uit die suide. Dit is op dieselfde plek gebou as waarop die oorspronklike Griekwa-kerk gestaan het. Die kerk was die eerste gebou in Philippolis om as nasionale gedenkwaardigheid verklaar te word in 1978. Kleine Philippolis het die meeste nasionale gedenkwaardighede in die Vrystaat naas Bloemfontein en Bethlehem.
In 1972 is die N1 geopen en het die hoofpad tussen die Noorde en Suide nie meer deur Philippolis en verby hierdie kerkgebou geloop nie. Dit was 'n erge knou vir die dorp, maar sy geboue is daardeur in 'n "tydsvakuum" geplaas wat besoekers die gevoel gee dat hul teruggaan in tyd wanneer hulle hier kom kuier.

Kom ons kyk hoeveel van ons kan "saam" die 180km na Philippolis aanpak en vir die naweek van 8-10 Mei deel wees van die dorpsmense en hul gemeente se feesvieringe.